2017/10/12
08:16 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2017/10/12	DATUM 2017/10/11			+ - WEEK GELEDE 2017/10/02		+ - MAAND GELEDE 2017/09/11		+ - JAAR GELEDE 2016/10/10	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	22873	42.21	0.2%	22831	2.1%	22405	4.9%	21798	25.4%	18240
Goud (Spot)	1295.02	6.96	0.5%	1288.06	1.6%	1275.11	-3.2%	1337.86	2.6%	1262.40
Brent $/vat	56.71	-0.10	-0.2%	56.81	0.0%	56.73	4.9%	54.04	10.1%	51.51
1 € / US$	1.1874	0.006	0.6%	1.1809	0.9%	1.1764	-1.2%	1.2015	6.1%	1.1192
1 US$ / ZAR	13.50	-0.090	-0.7%	13.59	-0.5%	13.57	4.7%	12.90	-2.0%	13.78
Corn	R 1 854.82	-2	-0.1%	R 1 856.48	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day					
Wheat	R 2 135.70	-4	-0.2%	R 2 140.06	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day					
Soybeans	R 4 742.74	-22	-0.5%	R 4 764.47	* CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day					
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)										
Corn Sep 17	349.00	2.00	0.6%	347.00	-2%	355.00	1%	344.00	-7%	374.00
Wheat Sep 17	435.00	2.00	0.5%	433.00	-3%	448.00	5%	413.00	-6%	463.50
Soybeans Sep 17	966.00	2.00	0.2%	964.00	0%	968.00	1%	956.00	0%	968.75
.										
SORGHUM Dec '17	2570.00	-30.00	-1.2%	2600.00	-3.0%	2650.00	-8.2%	2800.00		NA
WMAZ Spot	1864.00	-14.00	-0.7%	1878.00	1.9%	1830.00	2.9%	1811.00	-45.3%	3405.00
WMAZ Dec 17	1915.00	-16.00	-0.8%	1931.00	1.2%	1893.00	1.4%	1889.00	-44.1%	3428.00
WMAZ Mar 18	1961.00	-14.00	-0.7%	1975.00	1.1%	1940.00	1.7%	1929.00	-41.9%	3375.00
YMAZ Spot	1965.00	-12.00	-0.6%	1977.00	0.6%	1953.00	1.5%	1936.00	-35.2%	3032.00
YMAZ Dec 17	2018.00	-16.00	-0.8%	2034.00	0.3%	2012.00	0.6%	2006.00	-34.3%	3071.00
YMAZ Mar 18	2066.00	-17.00	-0.8%	2083.00	0.3%	2060.00	0.8%	2050.00	-31.7%	3023.00
SOY Spot	4652.00	-53.00	-1.1%	4705.00	-0.6%	4682.00	0.0%	4650.00	-25.4%	6236.00
SOY Dec 17	4741.00	-64.00	-1.3%	4805.00	-0.8%	4778.00	-0.7%	4775.00	-24.6%	6285.00
SUN Spot	4568.00	-107.00	-2.3%	4675.00	-2.8%	4701.00	-3.1%	4715.00	-25.1%	6095.00
SUN Dec 17	4630.00	-114.00	-2.4%	4744.00	-4.3%	4836.00	-4.5%	4849.00	-25.7%	6230.00
WHEAT Spot	4158.00	28.00	0.7%	4130.00	2.3%	4063.00	-0.3%	4170.00	1.3%	4105.00
WHEAT Dec 17	4108.00	-31.00	-0.7%	4139.00	1.3%	4055.00	4.1%	3946.00	0.0%	4110.00
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE										

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R13.50/$ en het goeie ondersteuning gevind sedert gister-oggend. Die rand het gister deur die loop van die dag heeltyd versterk en het gister-middag met marksluiting teen 'n vlak van R13.59/$ verhandel. Die versterking van die rand het hoofsaaklik gekom nadat die doller verswak het teenoor die vernaamste geldeenhede as gevolg van die onsekerhede rakende die uitvoering en meriete van die Amerikaanse President se belastingplan. Die rand sal ook moontlik in die volgende paar weke baie volatiel bly, met baie onsekerhede wat in die plaaslike markte heers. Daar is baie analiste wat van mening is dat die rand moontlik goeie versterkings sal toon nader aan die einde van die jaar met beleggers wat meer na die fundamentele aspekte van die markte sal kyk eerder as so sterk op emosie reageer. Daar is positiewe elemente in die plaaslike mark soos die handelsbalans wat vir die langste agtereenvolgende tydperk in die afgelope 6 jaar positief was en wat 'n groot impak het op die vernouing van die tekorte op die plaaslike lopende rekening. Ander faktore wat ook gunstig is, is die meer stabiele inflasiekoers wat meer in lyn is met die SARB se teiken vlakke van tussen 3 – 6%. Die volatiliteit van die rand sal egter steeds voortduur met die oë wat grootliks op die ekonomiese groeikoers vir die jaar sal wees tesame met faktore soos die ANC se leierskapverkiesing wat Desember plaasvind, die moontlikheid van 'n verdere afgradering van die land se kredietstatus en ook die algehele politieke ekonomiese omstandighede wat heers in die land. Die graderingsagentskappe het ook gewaarsku teen 'n moontlike verdere krediet afgradering indien die staatsbeheerde entiteite nie beter vaar in terme van finansiële bestuur nie.

Mielies: Die Amerikaanse mieliepryse het gister laer verhandel en het 'n een week laagtepunt bereik met markspelers wat hulself posisioneer voor die nuutste WASDE verslag wat later vandag bekend gemaak word. Die pryse is onder druk met meeste van die analiste wat van mening is dat die moontlikheid van 'n afwaartse aanpassing van die Amerikaanse opbrengspotensiaal baie onwaarskynlik is in vandag se verslag. Beide die November 2017 en Maart 2018 kontrakte het laer verhande. Die weeklikse produksie vorderingsverslag wat Dinsdag bekend gemaak was deur die USDA, het ook getoon dat die stroopproses van die Amerikaanse mielies aansienlik agter die gemiddelde tempo van die afgelope 5 jaar is. Afgesien van die stadiger strooptempo, het die USDA ook die produksietoestand van die mielies hoër aangepas en die mielies word nou 1% beter in 'n uitstekende toestand geskat as verlede week se skatting wat die stadiger strooptempo effens oorskadu het. Privaat uitvoerders het gister groot uitvoerverkope gerapporteer, wat bestem is vir Meksiko vir lewering in die 2017/18 bemarkingseisoen. Die weervooruitsigte in die VSA en Suid Amerika is steeds twee van die grootste faktore wat in die volgende paar weke dopgehou sal word met die stroopproses in die VSA wat vertraag kan word deur nat toestande terwyl ongunstige toestande in Brasilië en Argentinië vertragings in die aanplantings kan veroorsaak. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister meestal onder druk gekom en het laer verhandel in meeste van die kontrakmaande van beide wit- en geelmielies. Die weeklikse produsentelewerings wat gister gerapporteer was deur SAGIS staan op 20 522 WM vir die week en 11 706 ton YM vir die week. Die totale lewerings sedert die begin van Mei 2017 staan op 14.76 miljoen ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonpryse het gister onder druk gekom en het vir die 3de agtereenvolgende dag laer verhandel ten spyte van die positiewe nuus rakende die vraag na uitvoere. Daar is alreeds hierdie week twee groot uitvoerverkope aangekondig met privaat uitvoerders wat Dinsdag verkope van 131 994 ton gerapporteer het vir lewering aan onbekende bestemmings gedurende die 2017/18 bemarkingseisoen en 263 989 ton vir lewering aan China. In die nuutste weeklikse produksie vorderingsverslag is die produksietoestande van die sojabone 1% beter aangepas vanaf verlede week se skatting en dit is nou op 61% goed tot uitstekend. Die sojaboon stroopproses het ook goed gevorder vanaf die vorige week en word op 36% voltooi gerapporteer. Dit is steeds stadiger as die gemiddelde tempo van die afgelope 5 jaar. Die groot fokus in die mark is tans op die WASDE verslag wat later vandag bekend gemaak word met analiste wat van mening is dat die produksieskatting vir die Amerikaanse sojabone effens hoër aangepas kan word vanaf die vorige skatting. In die ander internasionale konteks word die toestande in Suid Amerika dopgehou met die aanplantings wat daar aan die gang is. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister laer verhandel en het dieselfde tendens gevolg as meeste van die ander gewasse. Die pryse was onder druk met die negatiewe pariteite vir die dag en die versterking van die wisselkoers gedurende die verhandelingsessie.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister gemeng verhandel, maar meestal in 'n sywaartse rigting. Die winterkoringmark het teen 'n een maand laagtepunt gesluit met die harde rooi winterkoring wat weer van die vorige dag se versterkings teruggegee het om laer af te sluit. Die lentekoring het ondersteuning gevind en het effens sterker afgesluit. Die uitvoere vanaf die VSA sukkel om te kompeteer teen die koring vanaf Rusland en die Oekraïne. Die uitvoere vanaf die VSA is agter die gemiddelde tempo, maar privaat uitvoerders het koringverkope van 104 202 ton gerapporteer vir lewering aan Meksiko. Die uitvoere vanaf die Oekraïne vorder goed en is aansienlik vinniger as die gemiddelde tempo met 6.8 miljoen ton koring wat alreeds uitgevoer is vanaf die Oekraïne vir die bemarkingseisoen. Die verwagting is dat die algehele graan uitvoere vir die seisoen vanaf die Oekraïne 'n rekord hoogtepunt kan bereik. Volgens die nuutste weeklikse produksievorderingsverslag word die koring aanplantings op 48% voltooi gerapporteer wat stadiger as die vorige seisoen se tempo van 57% voltooi is teen hierdie tyd van die seisoen. Die 5 jaar gemiddeld teen hierdie tyd van die seisoen is 58% voltooi. Die verwagting in die mark vir vandag se WASDE verslag is dat die koring voorraad in die VSA hoër aangepas kan word vanaf die vorige skatting. **Plaaslik:** Die plaaslike koringprys het gister gemeng verhandel met die spotprys wat ondersteuning gevind het terwyl die verdere maande onder druk gekom het. Die pariteite vir die dag op die koring was ook negatief gewees wat die mark onder druk geplaas het. In gister se weeklikse produsente leweringsverslag was daar 660 ton gerapporteer vir die week wat die eerste lewerings vir die nuwe seisoen is. Die weer in die Weskaap sal ook steeds in die volgende paar weke dopgehou word met die produksievooruitsigte daar wat redelik onder druk is.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*
Opgestel deur *Michelle Mokone and Luan van der Walt/* ***Vir navrae, kontak****: Michelle@grainsa.co.za/Luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.